

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Daniels en Anders (SS27/2006)

[2010] ZAWCHC 370 (12 March 2010)

[2010] ZAWCHC 370**COURT**

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Veldhuizen

CASE / FILE NUMBER

SS27/2006

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOE HOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: SS27/2006

DATUM: 12 MAART 2010

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

4. BRIAN DANIELS

5. FAREED MOHAMMED

WINSTON BLAAUW

11. JOHAN CLASSEN

V O N N I S

VELDHUIZEN. R:

Wat die oortredings waaraan julle skuldig bevind is, betref val dit dadelik op dat hier besonder groot hoeveelhede Mandrax of dan

metakoloon betrokke is. Die Wet maak voorsiening vir tronkstraf van tot 25 jaar of 'n boete tesame met daardie gevangenisstraf. Ek moet dadelik byvoeg dat Bylae 2 van die Wet dwelms lys wat meer skadelik is as Mandrax. Aan die ander kant is dit ook 'n feit dat Mandrax, veral in die Wes-Kaap, meer algemeen in omloop is as daardie meer skadelike middels.

Die misdaad waaraan beskuldigde 4 skuldig bevind is, sluit dan ook kokaine in wat in Deel II van Bylae 2 gelys word en Ecstasy tablette.

Die hoeveelhede betrokke is nie onaansienlik nie. Dit is vir my duidelik dat julle nie die hoofhandelaars is nie. Julie het die

dwelms vervoer of bewaar namens die smokkelaars. Hoewel dit miskien julle morele blaamwaardigheid verminder, is dit andersyds so dat julle onmisbare skakels in die ketting is om die dwelms te versprei.

Wat hierdie oortredings so verfoeilik maak, is die feit dat mense se gesondheid en die welsyn van hulle gesinne en van die gemeenskap

opgeoffer word vir geldelike gewin. Die gevolge en effek van verslawing aan hierdie dwelms strek veel wyer as net die gebruiker

daarvan. Dit het 'n nadelige effek op die hele gemeenskap. Verskeie dissiplines moet deur die Staat aangewend word om die verspreiding

van die dwelms te bekamp en om dwelmverslaafdes te rehabiliteer. Dit het 'n remmende effek op die ekonomiese welstand en vooruitgang van die gemeenskap in geheel. Oortredings van hierdie aard omhels dus veel meer as net die belange van die verskaffer en die gebruik van die dwelms.

Beskuldigde 4 u skuldig bevind omdat u handel gedryf het in 521 gram kokame, 5295 Ecstasy tablette en 55 286 Mandrax tablette (Aanklag 46). U is ook skuldig bevind op aanklag 51 dat u 776 perlemoen vir kommersiele doel sonder 'n permit besit het. U is tans 54 jaar oud en is getroud met twee groot kinders. Gesondheidgewys gaan dit nie so goed met u nie. U het twee hartomleidings gehad en lei aan hoe bloedsuiker.

Beskuldigde 5, u is 'n 42-jarige geskeide man met sewe kinders by sewe vrouens. U het sonder 'n pa grootgeword. Ek is meegedeel dat u aan hoe bloeddruk ly en u rug beseer het in 'n motorongeluk. U skuldigbevinding behels die handel in 100 000 Mandrax tablette (Aanklag 48).

Beskuldigde 10 u is skuldig bevind op twee aanklagte, naamlik, aanklag 47 en 48. Die twee aanklagte behels die handel in 65 000 en 100 000 Mandrax tablette. Wat u geval onderskei van die ander is dat u skaars uit was op borgtog op aanklag 47, toe u minder as 'n maand later die tweede oortreding gepleeg het. Ek beskou dit as erg verswarend. U is 39 jaar oud en ongetroud. Ek is meegedeel u moeder is bedleend en u vader ly aan kanker. U onderhou u agtjarige kind.

Beskuldigde 11, u is tans 41 jaar oud en geskei. Uit u huwelik is drie kinders, almal seuns, gebore. Hulle is tans 13 jaar, 10 jaar en ses jaar oud en bly by hulle moeder. U het gewerk as 'n huurmotorbestuurder en het R2 000 per week verdien. U het getuig dat u aan hoe bloeddruk ly en 'n diabeet is. Aanklag 47, waaraan u skuldig bevind is, behels die handel in 65 000 Mandrax tablette.

Ek gaan u almal as eerste oortreders behandel en al die omstandighede in ag genome meen ek dat die volgende vonnisse gepas is:

Beskuldigde 4 op aanklag 46 word u gevonnissen tot AGT

(8) JAAR GEVANGENISSTRAF. Op aanklag 51 AGTIEN

(18) MAANDE GEVANGENISSTRAF. Dit word gelas dat hierdie twee strawwe samelopend uitgedien word.

Beskuldigde 5 op aanklag 48 word u gevonnissen tot TIEN

(10) JAAR GEVANGENISSTRAF.

Beskuldigde 10 op aanklag 47 TIEN

(10) JAAR GEVANGENISSTRAF. Op aanklag 48 TIEN

(10) JAAR GEVANGENISSTRAF. Die kumulatiewe effek van die twee vonnisse maak dit 'n baie swaar een en om dit te versag gelas ek dat vyf (5) jaar van die vonnis op aanklag 48 met die vonnis op aanklag 47 uitgedien word.

Beskuldigde 11 op aanklag 47 word u gevonnissen tot AGT

(8) JAAR GEVANGENISSTRAF.

Laastens word die medepligtiges wat getuig het teen vervolging gevrywaar. Volledigheidshalwe is die getuies Stephanus J van tonder, Jonothan Wort alias Hopper, Gregory Petersen alias Pikke, Elton Petersen, Hilton Scott alias Hammerkop, Neville Koopman alias Klein Calvin en Ruben Heyns alias (onduidelik).

VELDHUIZEN. R

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2010/370.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-daniels-unknown-topic-awchc-2010>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria